LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

14-11-2016

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 39 VIR 2016

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **BESTELLINGS 2016:**

Alle bestellings sluit Vrydag, 18 November 2016. Bestel en betaal by die klasonderwysers

- Revue DVD teen R200
- Jaarblad teen R160

2 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**

Stuur asb al u kind se prestasies met foto's van die 4de kwartaal wat u in die Volkie koerantjie wil plaas na Heléne Botha by die skool - helenebotha@laervolkskool.co.za voor of op 25 November 2016.

3 **TROFEë**:

Al die leerders wat 'n wisseltrofeë ontvang het tydens die Bekroningsfunksies, moet asb onthou om dit te laat graveer (handig in en betaal dit by Interjuwel voor of op 30 November) en dan terug te stuur skooltoe, voor of op 30 November 2016.

4 **SKOOLGELDE**:

- Skoolgelde vir 2017 is op die webblad beskikbaar.
- Neem kennis dat alle agterstallige skoolgelde wat vir hierdie jaar uitstaande was, in die proses van oorhandiging is.
- Vir enige navrae kontak vir Mev Chrisna Meyer by die skool, 016 3416216.

5 **SKOOL VERDAAG TYE:**

Die skool verdaag vanaf Maandag, 14 November tot 7 Desember 2016 op die volgende tye as gevolg van die eksamen.

* Graad 1, 2 en 3 verdaag om 12:45.
* Graad 4 - 7 verdaag om 13:00.

Leerders moet asb hul vervoerreëlings daarvolgens tref.

6 **SKRYFBEHOEFTE PAKKETTE:**

Skryfbehoeftes vir 2017 wat tot en met Donderdag, 10 November 2016 bestel is, is reeds beskikbaar. Ouers moet asb DRINGEND vir Mandy kontak om 'n reëling te tref by 0826105099 om die pakette af te haal.

7 **REDENAARS 2017:**

Die temas vir die redenaars vir volgende jaar is soos volg:

Graad 1 tot Graad 3	Graad 4 tot Graad 5	Graad 6 tot Graad 7
Gogga	Klei	Spieël
Reënboog	Note	Krap
Blink	Blou	Klik

Die redenaars sal vroeg in die eerste kwartaal 2017 wees. Vir meer inligting kan julle Juf Lizelle (Juniors) of Juf Madeleine (Intersen) kontak.

8 **KOELDRANKE BY DIE SNOEPIE**

Daar is nog kaste koeldrank beskikbaar by die skool se snoepie. Kom koop vir jul eindjaarfunksies of vakansie! Kontak vir Cindy 0835503177.

500 ml	Coke, Coke Zero of Sprite @ R200
330 ml	Coke @ R125 per kas
Lipton Lemom Slimcan	R152 per kas
Lipton Berrie - 330 ml	R187 per kas
Energade	R185 per kas

9 **BLOEDSKENK**:

Ons versoek al ons ouers om op Saterdag, 19 November 2016 vanaf 08:00 tot 13:00 in die skoolsaal te kom bloedskenk.

10 **FORMELE ONDERRIG**:

Alle formele onderrig eindig op 25 November 2016.
Leerders wat nie tot 13:00 aanwesig is by die skool nie, word afwesig gemerk.

11 **RAPPORTE:**

Leerders se rapporte word uitgedeel op 7 Desember 2016 vanaf 07:30 - 08:30 by die klasonderwysers. Geen rapporte sal vooraf beskikbaar wees nie.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF